AFRIKAANSE HOËR SEUNSKOOL

Posbus 14078, Hatfield, 0028
e-pos: affies@affies.co.za

Lynnwoodweg 1
PRETORIA

Tel: (012) 344-3805
Faks: (012) 344-3907

26 Oktober 2011

Geagte Ouers

SKOOL- EN KOSHUISGELD 2012

1. SKOOLGELDE

Op 'n ouervergadering, gehou op 11 Oktober 2011 is die skoolgeld vir 2012 vasgestel. Die vergadering het besluit dat ten einde die tradisie, kultuur en waardes van die skool te behou, is dit noodsaaklik om die skoolgeld na R22,680 per leerling te verhoog.

Die Beheerliggaam wil u verseker dat daar met die grootste omsigtigheid te werk gegaan is met die vasstelling van die skoolgeld. Gemeet aan alle standaarde is die Beheerliggaam tevrede dat die kwaliteit van opvoeding wat u kind by die Afrikaanse Hoër Seunskool ontvang, werklik waarde vir geld verteenwoordig.

Subsidievorms vir korting op skoolgeld volgens departementele beleid, is beskikbaar by mnr S van Zyl. Aansoeke moet voor 31 Januarie 2012 ingedien word.

SKOOLGELD

1. R22,680 per kind per jaar.
2. R1,700 korting indien die volle skoolgeld voor of op **31 Januarie 2012** vereffen word.
3. Gesinskorting van R3,400 word op die tweede tot vierde skolier toegestaan.
4. Paaiemente word oor 10 maande versprei vir vooruitgedateerde tjekbetaling (begin Februarie tot begin November).
5. Debietorders se paaiemente, word oor 10 maande versprei (begin Februarie tot begin November).
6. Vir elektroniese bankinbetalings die volgende reëlings:
   a) Gebruik asseblief u seun se rekeningnommer en van as verwysing op ons bankstaat. Indien u nie die nommer ken nie, skakel die skool.
   b) Faks asseblief bewys van inbetaling na 012-3443907 / 0865501768 of epos na affies@affies.co.za.
   c) Ons bankbesonderhede: ABSA (Hatfield),
      Takkode: 632005
      Rekeningnr: 2140140255

BEPALING VAN SKOOLGELD

1. ***Betalings ontvang voor of op 31 Januarie 2012***

1e Skolier	
Skoolgeld per jaar	R22,680
min kontantkorting van	R 1,700
	R20,980
2e tot 4e Skolier	
Skoolgeld per jaar	R22,680
min gesinskorting van	R 3,400
	R19,280
min kontantkorting van	R 1,700
	R17,580

2. ***Betalings ontvang na 31 Januarie 2012***

1e Seun	R22,680	2e tot 4e Seun	R22,680
		min gesinskorting van	R 3,400
			R19,280

2. KOSHUISGELDE

Op ‘n ouervergadering gehou op 11 Oktober 2011 is die koshuisgeld vir 2012 op R22,560 per leerling vasgestel. Die Beheerliggaam het met groot sensitiwiteit na hierdie aangeleentheid gekyk en is oortuig daarvan dat teen ‘n tarief van R112.00 per skooldag, die koshuisgeld goeie waarde vir geld verteenwoordig. Die bedrag betaalbaar word verdeel in drie paaiemente.

Begin 1e Kwartaal	R7,520
Begin 2e Kwartaal	R7,520
Begin 3e Kwartaal	R7,520

Indien ‘n ouer die volle jaar se koshuisgelde met die aanvang (**16-20 Januarie 2012**) van die eerste kwartaal betaal, sal ‘n korting van R1,700 op die totale bedrag toegestaan word. Geen korting of terugbetaling sal gemaak word indien ‘n leerling vir enige tydperk, bv bloktyd en eksamens, nie in die koshuis inwoon nie.

3. INLIGTINGSTEGNOLOGIE EN REKENAARTOEPASSINGSTEGNOLOGIE

‘n Addisionele bedrag van R650 per jaar is betaalbaar, aan die begin van die jaar, deur leerlinge in graad 10, 11 en 12 wat Inligtingstegnologie en Rekenaartoepassings-tegnologie as vak neem.

4. MUSIEK

'n Addisionele bedrag van R700 per jaar is betaalbaar aan die begin van die jaar, deur leerlinge wat musiek as vak neem en 'n instrument van die skool gebruik. Die fondse word aangewend om die instrumente in stand te hou en ou instrumente te vervang.

5. REGISTRASIE 2012

Ons vertrou dat u reeds die registrasievorms wat aan u seun uitgedeel is, voltooi het en teruggestuur het. Die keerdatum hiervoor was 30 September 2011.

Die betalingskantoor sal oop wees vanaf 07:00 tot 14:00 elke weeksdag, Maandag tot Donderdag en Vrydae 07:00 tot 12:00.

6. KLEREBANK

Let asseblief daarop dat die klerebank gedurende die eksamen elke dag sal oop wees vanaf 10:30 tot 11:15.

Op Maandag 16 en Dinsdag 17 Januarie 2012 sal die klerebank oop wees vanaf 09:00 tot 14:00.

Skole heropen op 18 Januarie 2012.

Vriendelike groete.

Die uwe

_____ DR P EDWARDS/HOOF

✂----------

SKEURBRIEF

Ek, ouer/voog _____

van _____ in graad _____

erken hiermee ontvangs van die omsendbrief aangaande skool- en koshuisgelde vir 2012.

_____ HANDTEKENING

_____ DATUM